WEEK 46 | 27 NOVEMBER | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# PASOP VIR STERK LA NIÑA

Storms, gepaardgaande met wind, swaar reën en hael, kan hierdie seisoen meer gereeld voorkom. Die redelik intense La Niña wat ontwikkel, verbeter die kans op reën as gevolg van sterker laagdrukstelsels. Opwaartse lugstrome neem vog na die hoër en koue luglae van die atmosfeer, waar dit vinnig kondenseer en reëndruppels en hael vorm. Volgens Johan van den Berg, onafhanklike landbouweerkundige, het dit ook tot gevolg dat baie sterk winde voorkom en dit die kans vir hael vergroot. Agri Landbou Versekeraars sê dat hulle reeds 'n twintig persent verhoging in aansoeke vir oesversekering ondervind, veral wat Soja-aanplantings betref.





>>> BLADSY 2

**Teoretiese PD toetsing**

Ter viering van die uitmuntende resultate, het sy 'n Varderlandswilg op die Voortrekkerterrein geplant.

>>> BLADSY 6

**Beroep op bloedskenkers**

Agt uit tien mense sal bloed of bloedprodukte op 'n stadium in hul lewe benodig. Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

>>> BLADSY 8

**Eende-weer keer nie gholfers**

Eben wen vanjaar se Prestigedag, maar Pieter se brieke was ook los en laat sak hy die handrem wat hom 2de plek besorg.

## KERSLIGKOMPETISIE

**Kersfees is oor 4 weke en Heilbron Herald in samewerking met Bonus Hardeware, The Local Choice Platteland Apteek en Late-Nite Video, bied 'n kompetisie aan vir die inwoners van Heilbron om met hulle Feestyd-versierde huise te spog. Hang jou liggies op, neem 'n foto en stuur dit via Facebook Messenger vir die Heilbron Herald Facebookblad waarna ons dit op die blad sal laai om soveel as moontlik *likes* te werf. Die wenner sal 'n geskenkpakkie ontvang. Foto-inskrywings sowel as *likes* sluit 17 Desember om 08:00 en geen foto's of *likes* word daarna aanvaar nie. Die wenner word in die laaste koerant van die jaar op 18 Desember 2020 aangekondig.**

**Vir navrae skakel Silma by 058 852 3033.**

**Bepalings & voorwaardes op ons Facebook-blad.**

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135

Posbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071

www.bkb.co.za

Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

# DNS DINSDAG

Het jy al ooit gewonder waarom het jy 'n duik in jou ken, of waarom lyk jou ore soos hulle lyk? By die Dienssentrum was DNS Dinsdag die onderwerp van die dag. Van die 46 chromosome waarmee elkeen gebore word, regdeur tot die gene wat ons van ons ouers erf, is bepreek. Dit was 'n stimulerende onderwerp wat sinvolle bespreking uitgelok het. Die komende week is dit die Dienssentrumafsluiting en Donateursfunksie.



# GRATIS HONDSDOLHEID INENTING TE KOPPIES

Hondsdolheid is 'n dodelike siekte. 'n Gratis inentingsveldtog teen hondsdolheid word op Dinsdag 1 Desember 2020 in Koppies en Kwakwatsi deur die afdeling Veeartseny van Departement Landbou vir alle honde en katte gehou. Daar is tans geen gevalle van hondsdolheid nie, maar om die dodelike siekte te voorkom is gereelde inentings uiters noodsaaklik. Mense word versoek om hul honde aan 'n leiband en katte in 'n geskikte houer te bring na die punte waar gratis inentings deur die departement se personeel toegedien word.

Die vier punte waar die veldtog gehou word vanaf 08:30 tot 16:00 is: Kwakwatsi kantoor (naby Kwakwatsi biblioteek en kliniek), Kwakwatsi gemeenskapsaal in Masoanestraat, NG Kerk Moedergemeente in Kerkstraat Koppies en NG Kerk Weltevrede in Weltevrede Koppies.

# KLASPARTYTJIE

Sandersville Gekombineerde skool se Graad 1, 2 en 3 klasse het onderskeidelik op 19, 20 en 25 November 2020 hulle klaspartytjies by Buffalo Valley Spur gehou. Die kinders is op hierdie manier bederf om hulle harde werk tydens die jaar op 'n hoë noot af te sluit.





# TEORETIESE PD TOETSING

Hendrika Piek het tydens die Covid-19 inperking haar PD voorslagtoets afgelê en het die afgelope week haar uitslae ontvang. Ter viering van die uitmuntende resultate wat sy in die toets behaal het, het sy saam met haar ouers die 23ste November 'n Vaderlandswilg op die Voortrekker-terrein geplant. Hendrika het 'n goue toekenning ontvang, wat die hoogste toekenning is wat aan 'n laerskool Voortrekker toegeken kan word. Sy is al sedert graad R 'n Voortrekker en leef die Grondslag en Wese van 'n Voortrekker uit. As gevolg van die inperkingsperiode was die PD voorslagtoets hierdie jaar 'n teoretiese toets van 26 bladsye wat sy moes voltooi. In die verlede was dit iets wat prakties gedoen was oor die tydperk van 'n hele naweek. Met slegs 3 en 'n half ure om die toets te voltooi, word dit beskryf as die moeilikste PD toetsing. Elna Cloete betoon haar trots as offisier tydens die boomplant geleentheid.


















# UIT DIE PEN

# WEEK VYF-EN DERTIG

Dit het drie keer met my gebeur.

Ek het as student vakansietye in òf die plaaslike drankwinkel gewerk òf in die koöperasie. 'n Oom, wie ek later sou uitvind nogal 'n bekende en ryk boer in die omgewing was, moet sy strokie teken vir die goedere wat hy gekoop het. Hy vra na wie ek is en wie my ouers is.

"Is jy getroud?"

"Nee, oom."

"Maar jy het sekerlik kinders?"

In daardie dae was dit nie meer 'n skande om kinders buite die eg te hê nie, maar dit was nogtans vir my 'n vreemde vraag.

Die tweede keer was ek by die algemene praktisyn.

"Is jy getroud?

"Nee, dokter."

"Dan het sy seker normaal gekraam?"

Ek stik amper in daardie houtstokkies wat hy gebruik om in my keel te loer. Daar staan 'n ronde 0 kinders op my pasiëntekaart.

Die derde keer (en daar was baie derde kere), was dit sommer iemand wat gevoellose opmerkings maak.

"Is jy getroud?"

"Ja."

"Hoeveel kinders het jy?"

"Niks."

"Maar hoekom nie?" *Uhm*, want jy vra persoonlike vrae wat ek nie dink jy het die reg om te vra nie, dis hoekom.

"Want die Here het nie vir my kinders gegee nie."

Die persoon wat aan die ontvangkant van hierdie opmerking staan, vra dit hopelik nie weer vir iemand anders nie.

Hoe ouer ek word, hoe meer het ek gewonder ook hoekom ek nie my eie kinders het nie? Dit word tog, soos in die Bybelse tye, as jou rykdom geag. Toe ek nog nie getroud was nie, het ek altyd goedig gespot dat ek goed moet wees vir my broerskinders, want hulle gaan eendag my ouetehuis kies. Nou is hulle al groot, professionele mense met hulle eie kinders. Ja, die outjies wie se doeke ek aangesit het en wie se snotneuse aan my hemp afgevee is, het al kinders.

Ek het in my binneste vroue jammer gekry wie hormoonvervangingsterapie moes kry wanneer hulle menopouse bereik. Ek was baie jammer vir hulle, want dit beteken dat hulle nooit weer daaraan kan dink om kinders te hê nie. (Seriously, jy sal regtig lank moet dink as jy na die ouderdom van 48 steeds beplan om op die natuurlike manier kinders te wil hê, maar dis nie onmoontlik nie. En dit is sekerlik elkeen se reg.)

Onlangs het ek vir die volle jaarlikse ondersoek gegaan. O ja, ek doen dit elke jaar én ek betaal my e-tol én ek betaal my TV lisensie. Dit wil gedoen wees, of hoe?

Iedergeval. Die dokter vra of sy maar al die hormone (morone?) kan toets. En toe sy dit vra, wel daar 'n weemoed in my op. Sê nou net dis al vir my ook sulke tyd, dan is dit neusie verby. Nie eers 'n oorstootdrie in beseringstyd nie.

Niks. Ek wonder toe weer waarom ek nie my eie, persoonlike kinders het nie? Ek raak skoon tranerig toe ek later in die veiligheid van my eie kar maskerloos sit.

Nie lank nadat ek by die dokter se spreekkamer uit is nie, bel die ouetehuis.

"Wat het my ma gedoen?" vra ek sonder om te groet, skoon bang dat daar iets met haar gebeur het.

"Nog niks nie. Dis wat sy moontlik kan doen." Ek hoor dat sy nie meer wil gaan eet nie, sy sluit haar in haar kamer toe, wil nie meer sosiale kontak hê nie. Met niemand nie.

Kan ons, as kinders, moontlik met haar daaroor praat?

Die gesels het nie goed afgeloop nie. Want sy wil wat sy wil, ongeag wat ons sê. (Onthou, ons is drie kinders teen een ma).

Later stuur sy vir my 'n sms waar sy vertel hoe dit gaan, maar die laaste sin het so 'n klein stekie in. Sonder om in detail in te gaan, maar ek los die klein stekie net daar.

Ek bel haar die volgende dag, en sy vertel my 'n redelike groot deel van my fortuin, en dat ek lelik is met haar, en dat ek a, b en c verkeerd doen. Ek weet toe waaroor die sms-stekie gaan. Ek onthou hoe sy, nie lank gelede nie, vertel het dat ek my wasgoed verkeerd was. En dan moet ek onthou om die inkalelies nie daar te plant nie, maar hier. Ek moenie hierdie boom so groot laat groei nie, en ek moet onthou om vir my goeie man dit en dat te doen.

Ek weet nie of sy regtig bedoel om so beterweterig te wees nie, ek weet nie eers of sy weet wat sy alles sê nie. Dit raak 'n jy-sê-sy-sê woordestryd wat ek weet ek nie gaan wen nie, want ek is nooit toegelaat om iets te sê wat teen haar opinie of belewenis is nie. Hoor my hart: ek is baie lief vir haar, en ek waardeer dit dat sy en my ou pa ons vier kinders soms onder slegte omstandighede kon grootkry, in so 'n mate dat elkeen van ons selfstandig is en elkeen 'n professionele werk het. Behalwe nou vir rooikopsussie wat in die hemel is.

Dit slaan my soos 'n voorhamerhou, teen die voorkop, dit voel soos 'n uitklophou: dis hoekom ek nie kinders moes hê nie, want dan kan ek hulle nie seermaak nie. Nie met woorde nie, nie in sms'e, nie deur ondeurdagte stellings nie.

Ek sou net graag wou weet wie dan nou eendag my ouetehuis moet kies. Vir die een wat dit moet doen: ek wil 'n see-uitsig hê, die ouetehuis moet 'n bibliotekie hê en ek sal daarvan hou as iemand een keer per week my plekkie sal kom skoonmaak. Lekker kos sal 'n byvoordeel wees. Geniet week 35 van die inperking.

## KERSADVERTENSIES 2020

Wens vir jou kliënte 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2021 toe met ons spesiale Kerskoerant en laaste uitgawe op 18 Desember 2020

Stel jou kliënte in kennis van besigheidsure en/of sluitingsdatums oor die feesgety



Besprekings sluit 11 Desember

heraldnuus@heilbron.co.za

| Spesiale aanbieding: | |
|---|---|
| Volblad: R3600 | 12x2: R765 |
| Halfblad: R1890 | 8x2: R515 |
| Kwartblad: R945 | 8x1: R260 |
| | 4x1: R135 |

## AP KERK HEILBRON

KERSSANGDIENS

*Sondag 29 November 2020 om 19:00.*

*Verversings na die diens.*

## DIE RUS INGEGAAN

† In liefdevolle herinnering aan Johannes Makhanye, oorlede op 4 November 2020 in die ouderdom van 52. Die diens het plaasgevind op 14 November 2020. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan Kgeole Johannes Sejake, oorlede op 18 November 2020 in die ouderdom van 66. Die diens het plaasgevind op 21 November 2020 en is begrawe op die plaas begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan Mischack Khatatsi, oorlede op 18 November 2020 in die ouderdom van 71. Die diens sal plaasvind 28 November 2020 en hy word begrawe op die Dorpsbegraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan Motsoenyane Abel Mokoena, oorlede op 21 November 2020 in die ouderdom van 62. Die diens sal plaasvind 28 November 2020 en hy word begrawe op die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende.



# KENNISGEWINGS

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **MAGDALENA PETRONELLA STROEBEL, IDENTITEITSNOMMER 350816 0115 084,** wie nooit getroud was, wat woonagtig was te Huis-Bron-Van-Heil Bejaardesorg, Langmarkstaat, Uitbreiding 1, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 5 Augustus 2020,
**boedelnommer 006452/2020.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **MARIE ELIZABETH SMIT, IDENTITEITSNOMMER 240106 0025 085,** weduwee, wat woonagtig was te Huis-Bron-Van-Heil Bejaardesorg, Langmarkstaat, Uitbreiding 1,dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 11 Mei 2020,
**boedelnommer 005698/2020.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

**Form JJJ**

### LOST OR DESTROYED TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NUMBER T7903/1978** passed by **MAHEMSPRUIT BOERDERY PROPRIETARY LIMITED** in favour of **CORNELIUS WILHELMUS VAN ZYL, Identity Number 330803 5005 085** unmarried in respect of certain remainder of the farm **DOREEN NO. 201, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron this 23rd day of November 2020.

**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE (57401)**
**ADDRESS 40 KERK STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktes@corven.co.za**
**CONTACT NO. 058 852 2035**

**Form JJJ**

### LOST OR DESTROYED TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NUMBER T8411/1992** passed by **ESTATE LATE FRANS JACOBUS JOOSTE** Estate number 2587/1991 in favour of **SAREL ARNOLDUS JOHANNES JOOSTE, Identity Number 360715 5009 086** and **ANNA CATHARINA JOOSTE Identity number 531224 0048 086,** married in community of property to each other in respect of certain **ERF 306 KOPPIES, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron this 23rd day of November 2020.

**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE (57401)**
**ADDRESS 40 KERK STREET, HEILBRON**
**9650**
**E-MAIL: aktes@corven.co.za**
**CONTACT NO. 058 852 2035**

### KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **CORNELIA ALETTA MYBURGH, IDENTITEITSNOMMER 301007 0005 083,** wat woonagtig was te Huis-Bron-Van-Heil, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 28 Junie 2019,
**boedelnommer 006146/2019.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

Neem asseblief kennis dat die

**HEILBRON HERALD**

se winkel & fabriek sluit vanaf **18 Desember 2020 en heropen DV 6 Januarie 2021.**

Plaas asb. u bestellings vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

*Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033*

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

# DIENSTE

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

R

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

R

**KATJIES SOEK GOEIE HUIS**

5 Klein katjies op soek na 'n goeie huis
Reg om in te trek middel Desember.
***Kontak Celéste 082 551 1266***

# KENNISGEWING

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the late **JACOBUS PETRUS MIENNIE, Identity Number 380921 5058 083,** in life unmarried, residing at 72 Mason Street, district Heilbron, Province Free State, who died on 7 October 2020, Estate number: 7670/2020.
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on 16 November 2020.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

# SMALLS

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

G

**WINKELURE:**



**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00

**Vrydae:**
07:30 tot 16:30

**Saterdae:**
08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

*Kerskoerant 18 Desember 2020*

Indien u in ons **KERSUITGAWE** wil adverteer kontak Silma Petzer by 058 852 3033 of 083 363 6553.

Ons eerste uitgawe vir 2021 is DV 8 Januarie 2021.

# SANBS DOEN 'N BEROEP OP BLOEDSKENKERS

Tradisioneel is Desember 'n moeilike tyd vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD) omdat ons nie die 3000 eenhede bloed daagliks kan insamel nie. Die behoefte aan bloed raak ons elkeen. Agt uit tien mense sal bloed of bloedprodukte op 'n stadium in hul lewe benodig. Met een bloedskenking kan jy soveel as drie lewens red. 'n Eenheid bloed word in 3 komponente geskei: rooibloedselle (om die bloedvolume te vervang van 'n persoon wat baie bloed verloor het, bv. tydens 'n motorongeluk of kindergeboortes), plasma (vir mense wat aan 'n bloedsiekte, bv. hemofilie ly of wat ernstige brandwonde opgedoen het) en plaatjies word gegee aan kankerpasiënte, wie se plaatjies deur chemoterapie vernietig is.

Op Dinsdag 24 November 2020, het SANBD 78 eenhede bloed in Heilbron ingesamel wat meer as 200 lewens hierdie feesseisoen kan red. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD) nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk op Dinsdag 1 Desember 2020 by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 – 18:00. Hierdie bloedskenkkliniek is 'n spesiale geleentheid vir skenkers wat nie hierdie jaar bloed geskenk het nie. Elke bloedskenker sal 'n Feesseisoen-verrassing ontvang. Skenk vir die 4de keer hierdie jaar bloed en ontvang die beperkte uitgawe verbintenis geskenk.

Om 'n bloedskenker te word moet jy:

• Tussen die ouderdom van 16-75 wees, meer as 50kg weeg, iets voor jou skenking eet, 'n veilige seksuele leefstyl lei en gesond wees op die dag van skenking.

SANBD moedig elke Suid-Afrikaner aan om by die gereelde groep bloedskenkers aan te sluit wat die lewens van hul medemense op hierdie manier red.

Help ons asseblief om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun.

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.



*Op die foto: Saretha Pieters*

# IS NIKS OP AARDE NUUT NIE?

Sit nou die dag voor die kassie en kyk na al die advertensies – daar is mos deesdae geen ander plek om advertensies te plaas nie, behalwe in die Herald nie!

Wat nogal interessant was, is die motors wat te koop aangebied word. Al daardie spoggerige weelderige bakkies met allerhande fieterjasies, wat geen normale bejaarde man ooit sal kan baasraak nie – seker ook nie sy eggenote nie.

Sien hulle vertoon o.a. dat jy net 'n knoppie druk en siedaar, die turbo-masjien brul onder die enjinkap. Dan is daar raakskerms indien jy die pad byster raak – nogal moontlik as die jare jou inhaal. Dan kan die motor ook sorg dat, sou jy dalk 'n dwalende oog het of insluimer, dit jou wakker skud en jou motor in die regte baan hou! En vir dié met stywe nekke is daar deesdae tru-kameras.

Onthou ook hoe tannie Oosie – dit is nou wyle oom Jack Leonard se eggenote - altyd haar huishulp agter in die motor laat sit het en dan wanneer sy uit 'n parkeerarea agteruit ry, Anna die teken moes gee dat daar nie gevaar is nie en tannie Oosie kan maar terugtrek.

Wat my tydgenote interessant sal vind, is dat jare gelede se motors ook met knoppies aan die gang gesit is. Praat nou van die 1939 era se motors. Daar het die aansitter selfs op die vloer gesit en jy het met jou voet die knoppie getrap en siedaar brul die Dodge se masjien. Daarna het die aansitterknoppie verskuif na die "dashboard". So 'n klein blink knoppie!

Sien, die ouer garde was nie so agter die klip soos baie van die jonger manne dalk dink nie! Daar was ook 'n handrat of "kierie" soos dit nou oor gespog word, wat tussen die bestuurder en die voorste passasier gestaan het – dalk net 'n bietjie langer en dan moes die bakkie se koppelaar ook "ge-dubbel-clutch" word, want daar was nog nie gesinchroniseerde ratkaste nie. Dié is eers ontwikkel toe die motorwedrenne posgevat het!

Vat nou die dag die pad Senekal toe en die naaste pad is die Petrus Steyn/Lindley pad – ek noem dit 'n pad, maar het nog nie soveel slaggate oorleef nie. Daar is gate links, middel en regs in die pad. As jy die een gat, wat jou herinner aan Kimberley, per ongeluk oorleef het sonder dat jou motorband beskadig is, wag sy naamgenote 'n entjie verder vir jou. Die sakeondernemings op Petrus Steyn wat motors nasien is nogal bedrywig!

Die lewe kan ook kenmerkend van slaggatpaaie wees – vol slaggate. Jy moet maar mooi trap en dink oor jou besluitnemings en glo in jou Skepper om jou op die regte baan te hou. Sy onveranderlike liefde sal jou nooit verlaat nie.


*Time gentleman - Tom Watson*

# BECOME AN ORGAN DONOR

Organ donors make a voluntary decision to donate their organs and tissues for transplants. The organs (heart, liver, pancreas, kidneys, and lungs) can save 7 lives, while the tissues (corneas, bone, tendons, heart valves, skin) can help up to 50 people. You do not have to donate all your organs and can specify what you want to donate. The sad reality is that the need for life-saving organ transplants is increasing much faster than the organs are becoming available. Organ transplants have saved millions of lives, but more critically ill patients are added to the national waiting list every day. Anyone can be a potential donor, irrespective of age, race, or medical history. Donation professionals review medical history to determine if you can contribute. With recent advances in transplantation, even new-born babies and the elderly can be organ donors. If a donor is under 18, the consent of a parent or legal guardian is required. Adults can also make living donations, meaning that a living adult can choose to give an organ, like a kidney, or part of an organ, like a liver, to someone in need. By our laws, the Hospital and or Tissue Bank will cover all medical expenses when your family gives consent to have your organs/tissue donated. The donor and their family do not receive any compensation for donating any organs or tissue. Donation is a gift and should come from kindness.

Organ donation is a personal choice, and you can change your mind if you no longer wish to donate your organs or tissues when you die.


The number of people awaiting transplants continues to increase, and potential donors' shortage remains a significant concern. So, Go On Save A Life. Register today as an organ donor; it can be a beautiful light amid a tragedy.














HERALD

# SPORT




# EENDE-WEER KEER NIE GHOLFERS

Die jaarlikse Prestigedag van Heilbron Gholfklub het weer aan alle verwagtinge voldoen, ondanks reën wat spelers se vaardighede met die stokke beproef het. Eben Stander is 'n man vir wind en weer en wen vanjaar se Prestigedag met 'n ongelooflike telling van 42 punte, sy beste vertoning in lang tyd.

Pieter van Staden se *brieke* was ook los en laat sak hy die handrem met 41 punte wat aan hom 'n tweede plek besorg.


*Wenners van Prestigedag vl: Eben Stander (42), Pieter van Staden (41), Wiam Rautenbach (meeste gholf), Jaco Lombard (40) en Gerrie Muller (President).*

Die NG Suidkerk hou op 5 Desember hulle jaarlikse gholfdag met 'n bietjie van 'n *swing* daarby. Tesame met die dag gaan daar ook 'n Kersmark wees. Die tannies van die kerk vra dat almal hulle persentjies hier moet kom koop. Daar gaan ook etes te koop aangebied word en vir die wat gaan speel is daar hope pryse op die spel. Miskien gaan die dominee sy hare afsny of op die dak kamp as daar genoeg geld ingesamel word – sien meegaande advertensie vir meer inligting.

Die klub hou môre 'n gewone spel dag en as daar genoeg inskrywings is, sal daar vleispryse wees.

Die Pokerdraw raak aan die R60 000, moenie dit Vrydae om 19:00 misloop nie. Die kaarte raak al minder en jou kans om die Joker te trek, al groter.





BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 1 DESEMBER 2020**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ROODEDRAAI Twee-Maandelikse veiling.
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

**DONDERDAG - 3 DESEMBER 2020**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG -4 DESEMBER 2020**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**